16.15 RAPPORT 9 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – NEDERLAND (Artt 33, 34, 35, 59)

16.15 REPORT 9 – DEPUTIES ECUMENICITY INTERNATIONAL – THE NETHERLANDS (Arts 33, 34, 35, 59)

A. Ds HS Coetzee stel die Rapport.
Rev HS Coetzee tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report will be concluded during the Synod session.

C. **RAPPORT / REPORT**

Deputate verantwoordelik vir die lessenaar: Ds HS Coetzee (s) en Ds MA Modise
Deputies responsible for the desk: Rev HS Coetzee (c) and Rev MA Modise

1. Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland (CGK)	**1. Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland (CGK)**
Ekumeniese eenheid	Ecumenical unity
1.1 *Opdrag*	1.1 *Mandate*
1.1.1 Die Sinode konstateer sy dankbaarheid oor die ekumeniese eenheid met die CGK, wat 'n jarelange band van eenheid in leer, diens en tug is, en wat telkens prakties op ekumeniese vlak tot uitdrukking kom.	1.1.1 The Synod is to confirm its thankfulness over ecumenical unity with the CGK, which is a long-standing bond of unity in doctrine, service and discipline that is often practically expressed in ecumenical terms.
1.1.2 Die Deputate moet voortgaan om, in die lig van verwikkelinge in die verhouding met Sinode Soutpansberg, met die CGK in gesprek tree oor hoe hulle bande met Soutpansberg die bande met die GKSA beïnvloed.	1.1.2 The Deputies are to continue, in view of developments in the relationship with Synod Soutpansberg, to discuss with the CGK how their ties with Soutpansberg affect their bond with the GKSA.
1.1.3 Daar moet gepoog word om konkrete gestalte te gee aan ekumeniese eenheid deur bv bydraes op mekaar se Sinodes.	1.1.3 Effort must be made to concretely demonstrate ecumenical unity by means of e.g. contributions to each other's Synods.
1.1.4 Die kerklike eenheid moet onderhou en verder uitgebou word deur besoeke van Deputate en deur samewerking, onder andere ten opsigte van sendingwerk.	1.1.4 Church unity is to be maintained and fostered by means of visits by Deputies and cooperation, *inter alia* in terms of mission work.
Vir kennisname	*To be noted*
1.2 *Uitvoering van opdrag*	1.2 *Execution of mandate*
1.2.1 Daar is nie in die afgelope termyn 'n besoek aan die kerke se Sinode gebring nie aangesien daar tydens die vorige 3 termyne besoek afgelê is.	1.2.1 The Deputies did not attend these churches' Synod this term, since such visits had been made during the previous three terms.
1.2.2 Ons Deputate het wel by twee geleenthede kontak gemaak met hulle Deputate tydens besoeke aan die Nederlande om Sinodes van die	1.2.2 The Deputies did, however, make contact with them on two occasions upon attending the synods of the NedlGK and GK(v) in the Netherlands.

NedlGK en die GK(v) by te woon.	
1.2.3 Die breuk wat daar tussen die GKSA en Sinode Soutpansberg gekom het, het telkens in gesprekke na vore gekom. Daar is begrip by hulle dat die saak nou by ons Deputate Ekumenisiteit Binnelands tuishoort. Hulle aanvaar dat hulle met beide die GKSA en Sinode Soutpansberg kerke eenheidsbande het.	1.2.3 The breakdown between the GKSA and Synod Soutpansberg often arose in conversations. They understand that this matter now lies with the GKSA's Deputies: Ecumenicity (national) and accept that they have unity with both the GKSA and Synod Soutpansberg.
Besluit: Punte 1.1 tot 1.2.3 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.2.3 noted.**
Vir besluitneming	*To be decided*
1.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)*	1.3 *Recommendations (Mandate to the appointed Deputies)*
1.3.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese eenheid tussen die GKSA en CGK.	1.3.1 Note is taken, with thanks, of the existing ecumenical unity between the GKSA and CGK.
1.3.2 Dat die eenheid onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak.	1.3.2 Unity be maintained and fostered, by means of *inter alia* mutual visits by Deputies and cooperation at a practical level.
1.3.3 Die Deputate moet voortgaan om met die CGK in gesprek tree oor hoe hulle bande met Soutpansberg die bande met die GKSA beïnvloed.	1.3.3 The Deputies continue to discuss with the CGK how their ties with Synod Soutpansberg affect their ties with the GKSA.
Besluit: Punte 1.3.1 tot 1.3.3 goedgekeur.	**Decision: Points 1.3.1 to 1.3.3 approved.**
2. Nederlands Gereformeerde Kerken (NedlGK)	**2. Nederlands Gereformeerde Kerken (NedlGK)**
Ekumeniese eenheid	Ecumenical unity
2.1 *Opdrag*	2.1 *Mandate*
2.1.1 Dat ons met dank kennis neem van die eenheid wat tussen die GKSA en die NedlGK in leer, diens en tug bestaan.	2.1.1 Note is to be taken, with thanks, of the unity between the GKSA and NedlGK in doctrine, service and discipline.
2.1.2 Dat daar met dank kennis geneem word van die sendingbetrokkenheid van die NedlGK in Suid-Afrika en dat die samewerking voortdurend uitgebou moet word.	2.1.2 Note is to be taken of the NedlGK's involvement in mission work in South Africa and this cooperation is to be promoted.
2.1.3 Dat met dank kennis geneem word van die pogings van die NedlGK en ander kerke in Nederland om ook struktureel een te word.	2.1.3 Note is to be taken, with thanks, of the attempts of the NedlGK and other churches in the Netherlands to become structurally one.
Vir kennisname	*To be noted*
2.2 *Uitvoering van opdrag*	2.2 *Execution of the mandate*
2.2.1 Gedurende November 2015 het prof SP van der Walt en dr HM Zwemstra hulle Landelike vergadering (Sinode) besoek waartydens daar 'n verslag van Deputate gedien het wat spesifiek gehandel het oor die vraag	2.2.1 Prof SP van der Walt and dr HM Zwemstra attended their "Landelike Vergadering" (Synod) in November 2015, during which the Deputies tabled a Report in specific reference to the question whether members who are in

of lidmate wat in 'n vaste homoseksuele verhouding leef in die ampte bevestig mag word. Ons Deputate het die geleentheid gehad om hieroor insette te lewer inoor-eenstemming met besluite van die GKSA in hierdie verband. Die Landelike vergadering het in Januarie 2016 besluit om nie oor te gaan tot die oopstelling van die ampte vir gemeentelede wat in 'n homo-seksuele verhouding leef nie.	a steady homosexual relationship may serve in the offices. Our Deputies had the opportunity to offer input, in accordance to the GKSA decisions in this regard. The "Landelike Vergadering" decided in January 2016 against opening up the offices to members who are part of a homosexual relationship.
2.2.2 Tydens 'n besoek van hulle Landelike vergadering in April 2017, waar hulle buitelandse verhoudinge aan die beurt gekom het, het ds HS Coetzee groete aan die Sinode oorgedra.	2.2.2 While attending their "Landelike Vergadering" in April 2017, Rev HS Coetzee conveyed our greetings to the Synod during their segment on international relations.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.2 kennis geneem.	**Decision: Points 2.1 to 2.2.2 noted.**
<u>*Vir besluitneming*</u>	<u>*To be decided*</u>
2.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)*	2.3 *Recommendations (Mandate to the appointed Deputies)*
2.3.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese eenheid tussen die GKSA en NedlGK.	2.3.1 Note is taken, with thanks, of the existing ecumenical unity between the GKSA and NedlGK.
2.3.2 Dat die Sinode kennis neem dat die Deputate van die GKSA geleentheid gehad het om insette te lewer in die besluitneming van die NedlGK met betrekking tot mense wat in homoseksuele verhoudings leef.	2.3.2 The Synod is to take note that the Deputies of the GKSA had the opportunity to offer input into the decision of the NedlGK regarding people who are involved in homosexual relationships.
2.3.3 Dat daar met dank kennis geneem word van die sendingbetrokkenheid van die NedlGK in Suid-Afrika.	2.3.3 Note be taken, with thanks, of the NedlGK's mission work in South Africa.
2.3.4 Dat die eenheid onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak.	2.3.4 Unity be maintained and fostered, by means of *inter alia* mutual visits by Deputies and cooperation at a practical level.
Besluit: Punte 2.3.1 tot 2.3.4 goedgekeur.	**Decision: Points 2.3.1 to 2.3.4 approved.**
3. Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt (GKv)	**3. Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt (GKv)**
Ekumeniese eenheid	Ecumenical unity
3.1 *Opdrag*	3.1 *Mandate*
3.1.1 Dat ons met dank kennis neem van die eenheid wat tussen die GKSA en die GKv in leer, diens en tug bestaan (formeel sedert 2006).	3.1.1 Note is to be taken, with thanks, of the unity between the GKSA and GKv in doctrine, service and discipline (formally since 2006).
3.1.2 Dat daar met dank kennis geneem word van die erns wat die GKv maak om in 'n veranderde en veranderende samelewing kerk te wees. Dat ons bande met hulle juis inhou dat ons	3.1.2 Note is to be taken, with thanks, of the seriousness with which the GKv strives to be a church in a changed and changing society and that our ties with them indeed necessitate that we

mekaar se hande vat in saamdink oor hoe ons die Woord van die Here moet verstaan binne die plek en tyd waar die Here ons roep om kerk te wees.	consider together how we must interpret the Word of the Lord in the place and time the Lord has called us to be church.
3.1.3 Dat daar deur die bywoning van die Buitelandse week heelwat kontak met die kerke en met Deputate van ander kerke gemaak is. Die geleentheid moet sover moontlik in die toekoms benut word.	3.1.3 Given the significant contact made with churches and Deputies of other churches during the international week, this opportunity is to be taken as much as possible in future.
<u>*Vir kennisname*</u>	<u>*To be noted*</u>
3.2 *Uitvoering van opdrag*	3.2 *Execution van mandate*
3.2.1 Tydens hulle besoek in 2015 het prof SP van der Walt en dr HM Zwemstra Deputate van die kerke ontmoet.	3.2.1 Prof SP van der Walt and dr HM Zwemstra met with the Deputies of the churches during their visit in 2015.
3.2.2 Ds HS Coetzee het die Buitelandse week asook die deel van hulle Sinode wat oor buitelandse betrekkinge handel, in April 2017 bygewoon.	3.2.2 Rev HS Coetzee attended their international week and also the international affairs section of their Synod in April 2017.
3.2.3 Die saak van die vrou in die dienste van diaken, ouderling en predikant is met die opstel van die Rapport nog nie geneem nie. Tydens die buitelandse week is daar breedvoerig saam met hulle susterskerke oor die saak gepraat en die huidige standpunt van die GKSA kon aan hulle oordra word.	3.2.3 The matter of women in the offices of deacon, elder and minister had not yet been decided at the time of this Report. In-depth discussions were held with their sister churches, during this week, and the GKSA's current stance was conveyed to them.
Besluit: Punte 3.1 tot 3.2.3 kennis geneem.	**Decision: Points 31 to 3.2.3 noted.**
<u>*Vir besluitneming*</u>	<u>*To be decided*</u>
3.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)*	3.3 *Recommendations (Mandate to the appointed Deputies)*
3.3.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese eenheid tussen die GKSA en GKv.	3.3.1 Note be taken, with thanks, of the existing ecumenical unity between the GKSA and GKv.
3.3.2 Dat die eenheid onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak.	3.3.2 Such unity be maintained and fostered, by means of *inter alia* mutual visits by Deputies and cooperation at a practical level.
3.3.3 Dat daar deur die bywoning van die Buitelandse week heelwat kontak met Deputate van ander kerke gemaak is. Die geleentheid moet sover moontlik in die toekoms benut word.	3.3.3 Given the significant contact made with churches and Deputies of other churches during the international week, this opportunity is taken as much as possible in future.
Besluit: Punte 3.3.1 tot 3.3.3 goedgekeur.	**Decision: Points 3.3.1 to 3.3.4 approved.**
4. Protestantse Kerk in Nederland (PKN) Ekumeniese kontak	**4. Protestantse Kerk in Nederland (PKN)** Ecumenical contact
4.1 *Opdrag* Dat daar, in die lig van die samestelling	4.1 *Mandate* Given the composition of the PKN and

van die PKN en die feit dat hulle kerklike bande nie rondom konfessionele sake gesluit word nie, nie nadere ekumeniese kontak met die PKN gesoek word nie. Ekumeniese kontak word wel behou en samewerking kan steeds plaasvind waar dit na vore kom.	because their church ties are not established around confessional principles, no further ecumenical contact is to be sought with the PKN. Ecumenical contact is, however, to be retained and cooperation may still occur should the opportunity arise.
<u>*Vir kennisname*</u>	<u>*To be noted*</u>
4.2 *Uitvoering van opdrag* Daar was gedurende die termyn geen verdere kontak met die PKN nie.	4.2 *Execution of mandate* No further contact was made with the PKN during the past term.
Besluit: Punte 4.1 en 4.2 kennis geneem.	**Decision: Points 4.1 and 4.2 noted.**
<u>*Vir besluitneming*</u>	<u>*To be decided*</u>
4.3 *Aanbevelings (Opdragte aan te benoemde Deputate)* Dat daar, in die lig van die samestelling van die PKN en die feit dat hulle kerklike bande nie rondom konfessionele sake gesluit word nie, nie nadere ekumeniese kontak met die PKN gesoek word nie. Ekumeniese kontak word wel behou en samewerking kan steeds plaasvind waar dit na vore kom.	4.3 *Recommendations (Mandate to the appointed Deputies)* Given the composition of the PKN and because their church ties are not established around confessional principles, no further ecumenical contact is to be sought with the PKN. Ecumenical contact, however, is to be retained and cooperation to occur when the opportunity arises.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**

D. **AANVULLENDE RAPPORT / SUPPLEMENTAR REPORT**

1. Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt (GKv)	**1. Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt (GKv)**
Ekumeniese eenheid	Ecumenical Unity
1.1 *Opdrag*	1.1 *Mandate*
1.1.1 Dat ons met dank kennis neem van die eenheid wat tussen die GKSA en die GKv in leer, diens en tug bestaan (formeel sedert 2006);	1.1.1 The unity in doctrine, service and discipline between the GKSA and the GKv (formally since 2006) is to be noted with gratitude.
1.1.2 Dat daar met dank kennis geneem word van die erns wat die GKv maak om in 'n veranderde en veranderende samelewing kerk te wees. Dat ons bande met hulle juis inhou dat ons mekaar se hande vat in saamdink oor hoe ons die Woord van die Here moet verstaan binne die plek en tyd waar die Here ons roep om kerk te wees;	1.1.2 The GKv's efforts to be a church in a changed and changing society are to be noted with gratitude. Ties with them indeed entail making a collective effort to explore the Lord's Word in the place and time to which the Lord has called us.
1.1.3 Dat daar deur die bywoning van die Buitelandse week heelwat kontak met die kerke en met Deputate van ander kerke gemaak is. Die geleentheid moet sover moontlik in die toekoms benut word.	1.1.3 Contact with the Deputies of other churches is to be made upon attending the international week and the opportunity fully exploited.

Vir kennisname 1.2 *Uitvoering van opdrag* Die Sinode van die GKv in 2017 het besluit dat vroue verkies kan word in die diens van diaken, ouderling en predikant. **Besluit: Punte 1.1 en 1.2 kennis geneem.** *Vir besluitneming* 1.3 *Aanbeveling (Opdragte aan te benoemde Deputate)* Dat Deputate vasstel hoe die besluit van die GKv om al die besondere dienste vir vroue oop te stel die GKSA se bande met die GKv beïnvloed en aan die volgende Algemene Sinode hieroor aanbevelings maak. **Besluit: Goedgekeur.**	*To be noted* 1.2 *Execution of the mandate* The Synod of the GKv in 2017 decided that women may be allowed to the offices of deacon, elder and minister. **Decision: Points 1.1 and 1.2 noted.** *To be decided* 1.3 *Recommendation (instruction to the next Deputies)* The Deputies are to determine how the decision of the GKv regarding women in the offices affect ecumenical ties with the GKSA and offer recommendations to the next General Synod. **Decision: Approved.**

E. **Groeteboodskap ds W Middelkoop van die Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland (CGK)**
Ds W Middelkoop dra die groete van die CGK aan die vergadering oor waarna, ds HS Coetzee, 'n dankwoord aan hom rig, in gebed aan die Here opdra en wens hom 'n voorspoedige vlug toe.

Greeting Rev W Middelkoop of the Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland (CGK)
Rev W Middelkoop delivers the greeting from the CGK to the meeting after which Rev HS Coetzee directs a word of thanks at him, entrusts him to the Lord in prayer, and wishes him a safe journey home.

E. **Groeteboodskap ds JM van Leeuwen van die Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt (GKv) en Nederlands Gereformeerde Kerken (NedlGK)**
Ds JM van Leeuwen dra die groete van die GKv en NedlGK aan die vergadering oor waarna, ds HS Coetzee, 'n dankwoord aan hom rig, hom in gebed aan die Here opdra en wens hom 'n voorspoedige vlug toe.

Greeting Rev JM van Leeuwen of the Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt (GKv) and Nederlands Gereformeerde Kerken (NedlGK)
Rev JM van Leeuwen delivers the greeting from the GKv and NedlGK to the meeting after which Rev HS Coetzee directs a word of thanks at him, entrusts him to the Lord in prayer, and wishes him a safe journey home.